’N JAS WAT PAS VIR MARAIS GEDENK

“My hart loop net oor!” juig me. Santa Ross, skoolhoof van Marais Gedenk Laerskool, wanneer sy oor die skool se onlangse opgraderings uitgevra word. Dié Hondeklipbaai-skool het tussen Januarie en April as’t ware ’n gedaanteverwisseling ondergaan te danke aan West Coast Resources se onderhoudsprojek.

Buiten ’n nuwe laag verf binne en buite, spog die gebou nou met aluminium vensters en ’n nuwe kombuis. “Dis elke vrou se droom!” meen me. Ross. Die badkamers is ook reggemaak, die vloere is behandel en water- en rioolkonneksies is vir die Graad R-opslaanklas geïnstalleer. Die kontrakteur het boonop waar moontlik plaaslike inwoners gebruik om die projek te voltooi.

Volgens me. Ross het die onderhoudswerk ’n beduidende verskil aan die atmosfeer en moraal gemaak aangesien dié laerskool grootliks aangewese is op privaatmaatskappye se ondersteuning en donasies. “Pluimpie vir West Coast Resources vir hulle hulp hiermee. Ons waardeer dit regtig baie.”

Die mynmaatskappye omliggend aan Hondeklipbaai – West Coast Resources en Trans Hex – se ondersteuning is egter nie tot sulke projekte beperk nie. Die twee maatskappye borg elk ’n onderwyser by die skool.

Trans Hex en me. Ross se paadjies loop al ’n geruime tyd saam. Sy is al 17 jaar in verskeie rolle gebonde aan Marais Gedenk Laerskool en sedert 2014 as skoolhoof. “Trans Hex borg al sedert 2006 ’n onderwyser en ek het onlangs weer gaan kyk watter impak die ondersteuning oor die jare gehad het,” deel sy. “Trans Hex se bystand het die omliggende hoërskole en selfs tersiêre onderrig vir ons kinders meer toeganklik gemaak. Daar is tans drie op universiteit danksy die maatskappy. Ons kinders blink uit!”

Beide West Coast Resources en Trans Hex staan die skool ook by met *ad hoc* vervoer- en borgversoeke.

“In my meer as 20 jaar in die onderwys het ek nog nooit ervaar dat maatskappye soveel omgee vir die gemeenskap nie. Ons is geseënd dat die top strukture by hierdie maatskappye gevul word deur dié met ’n passie vir mense en dié wat graag ‘n verskil in ander mense se lewens wil maak,” sluit me. Ross af.